

# OUPA TREKKER SE SKELMSTREKE



“Mamma, Aj krap al weer in sy neus,” snip Janie.

“Is nie...” sê Aj met ‘n nollie op sy vinger. Hy kyk sy jonger sussie kwaai aan en wens sommer sy kan deur *aliens* opgeëet word en dat hy haar nooit weer hoef te sien nie.

“Hoekom moet hy saamkom na oupa toe, mamma?” vra Janie geniëpsig. Sy wou so graag alleen vir Oupa Trekker gaan kuier het en nou moet Aj ook saamkom. Sy kyk na haar boetie en rol haar oë en steek haar tong uit toe hy na haar kyk.

“Stop dit! Al twee van julle!”

Aj en Janie bly tjoepstil sit en kyk na hulle ma wat so bietjie soos ‘n monster klink ... en lyk. Sy het nog krullers in haar hare, haar een oog is grimeer, maar daar was nie tyd vir die ander ene nie en haar truitjie is onderstebo aangetrek.

“Ek is nou moeg vir julle nonsens! Julle weet ek en pappa moet hierdie vakansie werk en julle moet al twee plaas toe sodat julle oupa na julle kan omsien,” sê hulle ma moedeloos. “Kan julle net probeer om vir een keer in julle lewe ordentlik met mekaar te wees?” smeeke hulle ma en kyk hoe boetie en sussie mekaar aangluur so asof hulle nou gaan begin boks.

Die pad plaas toe is lank en elke nou en dan baklei Aj en Janie dat die hare behoorlik waai. Hulle is albei baie lief vir hulle oupa. Oupa Trekker is die naam wat hulle hom gegee het toe hulle nog baie klein was, omdat elke keer as hulle op die plaas aangekom het hulle oupa op die trekker in sy saailande gesit het. Maar, om Oupa Stephan te sê het hulle tong te veel geknoop ... so die naam, Oupa Trekker, het gebly!

Net voor hulle by die plaashek inry, stop hulle ma die kar op die grondpad en draai om en kyk hulle in die oë. Sy lyk komplete soos ‘n wese uit ‘n storieboek, maar sy is reeds so kwaad, hulle sê liewer niks.

“Luister nou mooi ... Julle doen wat julle oupa sê en julle gedra vir julle! Julle hoef nie mooi met mekaar te wees nie, maar julle twee stouterds gee nie julle oupa moeilikheid nie, verstaan?”

Aj en Janie skud hulle koppe so erg dat Janie se poniestert Aj in die oog tref en hy dit hard na die een kant toe trek.

“Einaaaaaa, jou morooooon!!” gil Janie terwyl sy haar boetie met die vuiste bydam.

Hulle ma kyk net woordeloos na die toneel voor haar voor sy weer begin aanry. Nee wat, hulle is ‘n week lank darem nie meer haar probleem nie!

Hulle ry deur die plaashek, en van ver af sien hulle hoe hulle oupa op die stoep staan en wag en met sy hoed waai om hulle te groet.

“Oupa, oupa!” skree Janie opgewonde.

“Dis my oupa,” skree Aj terug en begin by die venster uitpeul soos hy vir sy oupa waai.

Toe die motor stilhou, spring Aj en Janie uit die motor en hol die klein sementpaadjie af tot waar hulle oupa op die stoep staan.

“Jaaaa, wat sê julle twee moeilikheidmakers?”

“Dis Aj wat skoor soek Oupa, ek maak nie moeilikheid nie,” sê Janie vroom en druk haar oupa se onderlyf. Oupa Trekker tel Janie op en gee haar ’n draai in die lug voor hy speels Aj se hare vryf.

“Nou ja, gaan julle solank in die huis in terwyl ek julle tasse kry by julle ma ...” laat Oupa Trekker hoor.

“My kind ...” sê Oupa Trekker vir die tweeling se ma. “Hulle is darem maar geniepsig met mekaar ...”

“Ai, Pa ... ek weet. Ek het nou al alles probeer en maar moed opgegee met daai twee ... hulle moet nou maar vuisslaan en hopelik hou hulle een of ander tyd op!”

“Nee wat, my ou bokkomblaar ... ek sal hulle uitsorteer ... As jy oor ’n week kom, gaat daai twee anderste kinnere wees, jy sal sien!” En met daardie woorde ry die tweeling se ma die plaaspad af ... Glad nie oortuig dat hulle ooit sal ophou baklei nie!

“Dis myne daardie, los dit,” skree Janie op Aj en gryp die stuk biltong uit sy hand uit.

Aj nooi hom nie twee keer nie en trek haar bokstert dat dit vir die tweede keer vandag, skeef staan.

“Ek sal jou mos ...” wil-wil Janie dreig voor Oupa Trekker die kombuis binnestap.

“Ag, bedaar nou! Daar is mos baie biltong en ’n plaas vol beeste, so hou nou op baklei...” sê Oupa Trekker en gaan sit op sy ou vodde kombuisstoel en kyk na die tweeling voor hom, Aj met ’n bokstert in die hand en Janie met Aj se spoegerige stuk biltong.

“Wat van ons speel ’n speletjie?” vra Oupa Trekker. Vandag is die dag wat hy hierdie twee stouderds ’n les gaan leer!

“Ek hou van speletjies,” skree Janie eerste uit.

“Ja, want jy verloor elke keer...” sê Aj en steek sy tong uit.

“Rustig, rustig...” laat Oupa Trekker hoor en hou sy hande op sodat die twee tog nou net ophou baklei.

“Hierdie speletjie het nie ’n wenner nie ...”

“Maar dis mos nou *boring*, Oupa?” laat beide hoor.

“Dis g’n *boring* nie, julle weet dan nie eers wat die speletjie se naam is nie, man!”

“Wat is dit dan, Oupa?” vra die tweeling ongeduldig.

“Veldkruipertjie ...”

“Oupa bedoel wegkruipertjie,” lag Janie.

“Nee ... nee, ek bedoel veldkruipertjie. Jy en Aj gaan al twee in die veld wegkruip daar agter die skuur en dan wag dat die diere in die veld julle kom soek.”

“Ag, Oupa ... beeste speel nie met mense nie,” sê Aj geïrriteerd.

“Nou wie sê ek praat van beeste, seuna?” lag Oupa Trekker voor hy opstaan en die tweeling by die deur uitboender.

“Toe nou, gaan kruip iewers in die veld weg, en julle mag nie terugkom huis toe voor julle nie deur ’n velddiertjie gevind is nie ... reg so?”

“Jaaa-aaaa, Oupa,” teem Aj en Janie op pad veld toe.

“Hou op, jou neut,” skreeu Janie vir die hoeveelste keer daardie dag. Aj gooi haar heelryd met klein klippies teen haar bene en dan dink sy elke keer dis ’n bosluis.

“So waar gaan ons wegkruip?” vra Janie vir Aj.

“Pffftttt ... ons gaan g’n wegkruip nie, man! Dis sommer ’n simpel speletjie wat oupa wil hê ons moet speel. Hy is seker weer bang ons kyk te veel TV!

Aj se woorde is skaars koud voor die tweeling verskrik na mekaar kyk.

“RO-AAAA-AAAAA-RRRRRR,” weergalm ’n geluid deur die veld.

“Ww-aaa-ttt is dit?” vra Janie bewerig.

“Ek-ek weet nie.” kry Aj dit saggies uit.

Die tweeling begin al hoe nader aan mekaar staan en kyk stip die veld in. Sonder dat hulle dit besef, het hulle al so ver geloop dat hulle skaars die huis kan sien.

“R-OOO-AAAARRRRRRR...R-OOO-AAAA-RRRRR!”

“Dis ’n LEEU!” skree die tweeling gelyk.

“Sjjjjtttt!!” sê Aj saggies en beduie met sy hande dat Janie saam met hom in die gras moet kom sit.

“Hoe ... hoe is dit moontlik?” vra Janie verbouereerd. “Oupa bly in die middel van nêrens!”

“Mmmmm, jy weet mos hoe pappa altyd sê die leeu is die koning van die Bosveld? Wel, hierdie is mos ’n veld?”

“Jaaa-aaa ... maar pappa sê dit net as ons in die wildtuin is, dommie ...” wil-wil Janie begin stry.

“RRR-OOOOAAAA—RRRRR!”

Janie sluk haar woorde en vergeet skoon om te baklei met haar tweeling-boetie toe sy nog ’n harde gebrul hoor. Die twee sit vir ’n oomblik versteen en kyk vir mekaar.

“Wat gaan ons doen, boeta?” vra Janie bang. Sy weet hy verpes en pla haar gereeld en sy vra dikwels dat *aliens* hom moet kom haal, maar sy bedoel ook nie regtig dat leeus of iets hom moet kom opvreet nie ... sy is tog eintlik bietjie lief vir hom.

“Dalk moet ons probeer huis toe hol?” sê-vra Aj.

Hulle al twee kyk om hulle, maar kan nie eens die grondpaadjie sien nie. Nee, die huis is te ver om terug te hardloop ... hulle gaan ’n ander plan moet maak.

Aj kyk nog so rukkie om hom en dan weer terug na die klippies in sy hand en stadig maar seker vorm daar ’n blink plan in sy kop.

“ROO-AAAA-RRRRR!!” hoor die tweeling weer die gebrul en dit klink asof dit net nog nader kom.

“Boetie, ek is bang...” en met haar arms uitgestrek, klou sy aan haar boetie vas, hulle baklei en terg van vroeër heeltewel vergete. Aj sit so rukkie voor hy sy sussie van sy plan vertel.

“Ek het ’n plan...” Janie se oë helder skoon op toe Aj dit sê.

“Wat? Vertel my?”

“So ... ek onthou altyd dat oupa ons vertel het van sy jong dae toe hulle mos in die bos grootgeword het?” Hy kyk na Janie wat knik voor hy aangaan.

“Oukei ... so hy het toe mos altyd gesê wanneer hulle in die veld gestap het en hulle gevaarlike diere gekry het, het hy mos altyd ’n hand vol klippe gevat en dit in die bosse gegooi sodat die dier dink daar is iets in die bosse ...”

“Jaa-aaaa,” antwoord Janie en dit lyk of die liggie by haar aangaan.

“So, al wat ons moet doen, is om hierdie klippe so ver moontlik van ons af weg te gooi sodat wanneer ons hardloop, die leeu ons nie sien nie en net op die klippe fokus!”

“JA!! As jy nie nog steeds irriterend was nie, het ek amper gesê jy is die slimste veldkruiper wat ek ken...” terg Janie speels.

“Ja-ja wat ook al! Kom help my klippe bymekaarmaak.”

Die tweeling werk so vinnig en suutjies as moontlik en vinnig-vinnig het hulle albei 'n hele handjie vol klippe bymekaargemaak.

“Oukei, nou wat?” fluister Janie vir haar boetie.

“Nou mik jy en jy hol laat die biesies bewe!” antwoord Aj effens bang. “Jy sien daai groot klip daar oorkant?” vra Aj vir Janie en wys met sy vinger na die oorkant.

“Ja.”

“Oukei, so op drie, dan gooi ons die eerste klippe en dan laat waai ons,” laat Aj hoor terwyl hy solank hurk om reg te maak. Hy kyk na Janie agter hom en wink met sy oog. Stadig met sy linkerhand tel hy af ... een ... twee ... drie.

Op een slag skiet die klippe die oopte in. Aj en Janie wag nie langer nie. Doelbewus gooi hulle die klippe in die rigting van waar die gebrul kom voordat hulle laat spaander die bult uit na waar hulle dink die huis is. Saam-saam maak hulle dit tot in die oopte waar die paadjie is en kom uitasem tot stilstand.

“Joh...” sê Janie uitasem en hurk op die grond.

“Ja, jinne ... joh,” hoor sy haar boetie hier langs haar, terwyl hulle albei moeg op die grondpad neersak. Net voor hulle wil ontspan, hoor hulle dit weer...

“R-OOOO-AAA-RRRRR!”

“Wat de?” se Aj en spring regop.

Hulle albei kyk vir mekaar, vat mekaar se handjies styf vas en saam laat spaander hulle die grondpad langs op pad huis toe.

Doer onder in die veld, daar waar die leeu se gebrul nog minute terug gehoor kon word, sit Oupa Trekker rustig teen 'n klip met sy hoed wat nes die gras lyk en kou aan sy pyp.

“Daarsy, daai behoort die twee blikskottels mos nou 'n les te leer,” lag Oupa Trekker terwyl hy sy ou bandopnemer in sy broeksak bêre en rustig sy pyp skoonmaak voor hy huis toe stap om te hoor van vandag se “leeu”-gebeure.

“Mpf...” mompel hy hardop. Ten minste het die twee nou geleer hoe om saam te werk. Wonder of hulle ma dit ooit sal glo!

“Nog altyd geweet hierdie leeugeluide gaan handig te pas kom,” mompel Oupa Trekker terwyl hy die plaaspad opstap.

Aj en Janie sit stewig langs mekaar op die trap van die voorstoep en wag. Nog nooit was die twee so bang gewees nie...

“Jy was nie te sleg vandag nie, boeta...” sê Janie.

“Ja, jy is ook nie te *bad* nie hoor,” sê Aj.

Die twee kyk laggend na mekaar voor hulle na hul oupa toe hardloop om hom te waarsku van die groot leeu op sy plaas ...

**KOPIEREG WORD VOORBEHOU DEUR DIE SKRYWER.**